Beste Graad 9-leerders en ouers

Soos julle weet is hierdie die jaar waarin julle die belangrike keuse maak van watter vakke julle gaan kies vir jul senior fase, Gr 10-12. Hierdie keuse moet sover moontlik verband hou met watter loopbaan jy na skool wil volg aangesien meeste studierigtings sekere vakke of toelatingspunt as vereiste het tot verdere studies.

Daarom het ons by Hoërskool Fichardtpark reeds vir ‘n aantal jare die gebruik om ons Gr 9’s die geleentheid te bied tot professionele hulp met dié proses in die vorm van aanleg- en belangstellingstoetse wat deur privaat sielkundiges of instansies aangebied word as hulpmiddel, teen ‘n minimale koste. Hierdie jaar was geen uitsondering met die beplanning vir hierdie hulpdienste nie en die beplanning is/was om hierdie toetse in Junie af te neem en soos gewoonlik ons jaarlikse vakkeuse oueraand in Augustus te hou waartydens u ook die geleentheid het om met betrokke tersiêre instansies en vakonderwysers te gesels.

Soos almal terdeë besef, het hierdie jaar egter ‘n baie onbeplande verloop geneem as gevolg van die inperkings na aanleiding van COVID-19 en is ons genoodsaak om ons beplanning aan te pas. Ons wil u as ouers en leerders dus gerus stel dat ons dit steeds as prioriteit ag en spoedig die plan van aksie sal kommunikeer sodra ons weer almal terug op ons poste is.

Tot tyd en wyl, is hierdie egter die ideale tyd vir u as ouer om met u kind te begin gesels oor moontlike loopbaanopsies en hul belangstelllings in sekere vakgebiede. U kan solank rustig die vakkeusevorm saam u kind deurgaan.

Hou gerus die spasie dop!

U is welkom om die vakkeusevorm vanaf die skool se webtuiste asook die D6 af te laat.

Fichie-groete
SVO2-span